SAWA Streek Rietvallei

19-21 Januarie 2018 – Streeksaamtrek
Tamboti Vreugde

Na die Desember/Januarie vakansie het ons die nuwe jaar aangepak en by ons eerste kamp van 2018 uitgekom by Tamboti Vreugde. Ons was maar bekommerd oor die grondpad wat in die verlede baie sleg was. Na ons die magdom hobbels op die teerpad binne Dinokeng baas geraak het was die grondpad bietjie beter as in die verlede. So het almal dan teen Vrydag aangekom by Tamboti Vreugde en kamp opgeslaan. Die senior burgers het soos gewoonlik vroeër gekamp en was al heel lekker ingeburger. Die swembaddens was behoorlik benut as gevolg van die hittegolf die naweek.

Vir die naweek was daar 18 Rietvallei-gesinne en een besoeker. Vrydagaand het met ‘n heerlike Jan Braai Boereworsrol met tamatie-rissiemoor begin. Paar lede was maar erg bekommerd oor die tamatie-rissiemoor wat dalk baie gaan brand en het eers n bietjie kom proe voordat daar besluit is of dit eetbaar is. Soos gewoonlik was Jan Braai se resep toe n wenner. Later het ons boekevat gehou en daarna sommer die registrasie afgehandel vir die naaweek. Koffie was beskikbaar en almal het sommer lekker onder die lapa gekuier.

Saterdag oggend was dit sommer van vroeg af lekker warm. Die oggend het vroeg begin met boekevat en koffie drink by die lapa. Ons was ook bevoorreg om sommer ‘n groot trop Olifante reg langs die kamp se draad te sien verby beweeg terwyl ons

wag dat die boekevat moet begin. Na ons gou weer die koffie bekers vol gemaak het, het Rian Swiegers vir ons ‘n praatjie kom lewer oor die natuur en sy ondervinding met staptogte binne die Nationale Kruger Wildtuin. Dit was baie interessant en deurspek van staaltjies. (Onthou as die leeu storm, staan stil, maar as jy hardloop is dit nie nodig om die vinnigste te wees nie maar net vinniger as die stadigste persoon).

Die res van die Saterdag was ‘n lekker rustige kuierdag. Die aand was daar weer lekker gebraai by jou naaste buurman en gekuier tot laat aand.

Sondag was rusdag. Kerk is gelei deur Manie Smit. Die diens is afgesluit met nagmaal. Na afloop van die diens is die afsluiting afgehandel. Daar was ook ‘n prys op die spel die naweek. Die tema was Jan Braai vir Erfenis. Ongelukkig het niemand ‘n Jan Braai resep die naweek gebruik nie. Die prys het toe maar gegaan aan die person wat die leidraad reg gehad het van Jan Braai vir Erfenis soos aangedui op die program. Daarna het ons soos gewoonlik lekker gekuier by die lapa, met smul geregte en ietsie om te drink.

So het ons eerste kamp vir 2018 tot n einde gekom en almal het huiswaarts gekeer.

So is ‘n uiters suksesvolle naweek afgesluit. Van die kamp kommandante, aan almal wat die naweek saam kom kamp het, en aan al die aktiwiteite deelgeneem het, ‘n hartlike dankie.

Tot ‘n volgende keer
SAWA-groete
Frans en Stefanie